Is jy 'n vleeslike of geestelike christen? | 14 Mei2023 | Ds. Willem Badenhorst

willem.badenhorst@moreleta.co.za

Inleiding

Elke gelowige is in 'n geestelike oorlog gewikkel daar is 'n stryd tussen die gees en die vlees. Die menslike ou natuur wil graag die beheer oor die geestelike natuur neem. God se opdrag is dat ons onder die beheer van die HG moet leef. Want dan sal ons ou natuurlike begeertes en gewoontes nie meer baas wees nie. God se plan vir jou lewe is dat jy jou sondige begeertes sal agter laat, eenkant toe sal skuif en die HG sal toelaat om jou lewe te beheer. Daarom God se opdrag: "Laat julle lewe steeds deur die Gees van God beheer word"

Wenke vir leier

- Maak seker dat elke kringlid verstaan wat is 'gees' / 'vlees'
- Lede moet verstaan dat hul die HG in hulle lewe moet toelaat.

Lees saam

Galasiërs 5 (Die Boodskap)

14Die hele wet van God word in een enkele sin opgesom: "Jy moet vir ander mense net soveel omgee soos vir jouself." **15**As julle altyd aan die baklei is, as julle mekaar soos 'n trop kwaai honde byt en verskeur, bly daar later niks meer van julle oor nie. **16**Julle moet julle lewe deur die Heilige Gees laat beheer. Laat Hy aan die stuur staan van alles wat julle dink en doen en sê. Dan sal die sonde julle nooit onderkry nie. **17**Onthou, sondige begeertes is 'n vyand van die Heilige Gees. Maar die omgekeerde is ook waar: die Heilige Gees is 'n vyand van elke sondige begeerte. Daarom kan julle nie die een dag aan julle sondige begeertes toegee en die volgende dag aan die kant van die Gees probeer staan nie. Julle kan nie leef soos julle wil nie. **18**As julle lewe deur die Heilige Gees beheer word, hoef julle nie meer al die reëls en voorskrifte van die wet te gehoorsaam nie. 1**9**'n Mens kan duidelik sien watter mense gekies het om deur hulle sondige begeertes oorheers te word. Hulle doen mee aan die verskriklikste seksuele sondes. Hulle lewe is vol onreinheid en goddeloosheid. **20**Hulle aanbid 'n spul dooie afgode en hou hulle besig met waarsêery. Hulle lewe loop oor van haat en twis. Hulle gun niemand iets nie. Hulle is aggressief, selfsugtig, altyd besig om te stry en verdeeld onder mekaar. Hulle lewe is vol jaloesie. **21**Die een dronkpartytjie na die ander is hulle kos. Hulle gee hulle oor aan vieslike uitspattighede en nog baie ander slegte dinge. Ek waarsku julle, soos ek julle al tevore gewaarsku het, om nie soos hierdie mense te lewe nie. Onthou, mense wat so lewe, sal nooit 'n plek kry in God se nuwe wêreld nie. Aan die ander kant kan 'n mens duidelik sien watter mense se lewe deur die Heilige Gees beheer word. **22**Net soos 'n boom wat 'n baie goeie vrug oplewer, wys hierdie mense se lewe dat hulle aan God behoort. Sulke mense gee baie om vir ander. Hulle lewe is vol vreugde. Die vrede wat van God af kom, ken en ervaar hulle. Hulle verdra ander mense sonder om ooit lelik met hulle te wees. Hulle straal vriendelikheid en warmte uit; daarom wil ander graag in hulle teenwoordigheid wees. Hulle doen goeie dinge vir ander mense. Ander kan altyd op hulle reken omdat hulle self deur dik en dun op God vertrou. Hulle is vol deernis en ontferming. Die Gees stel hulle in staat om hulleself goed te beheer sodat sonde nooit hoogty in hulle lewe vier nie. **23**Natuurlik is die wet nie gekant teen so 'n leefwyse nie.
24Elkeen wat in Jesus Christus glo, moet so leef. Want al ons sondige begeertes is saam met Hom aan die kruis vasgespyker. **25**Die Gees het ons splinternuut gemaak. Daarom moet ons toelaat dat Hy elke dag ons lewe bestuur. Hy moet besluit wat ons dink en sê en doen. 26Kom ons hou dadelik op om so baie van onsself te dink. Ons mag nie onder mekaar stry of op mekaar jaloers wees nie.

Doen saam

1. Bid saam vir Deltaweek.
2. Moedig mekaar aan om gedurende Deltaweek in die Groensaal by 24/7 gebedsweek 'n uur gleuf te vat.
3. Maak seker dat jou Kring die eredienste bywoon.
4. Kry 'n aktiwiteit tydens Deltaweek (jy kan daarvoor registreer op die Church Center App) of daarna vir julle as Kring.

Gesels saam

1. Lees Gal 5:14-18 &24-26 DB. Onderstreep die woorde of gedagte wat vir jou uitstaan en bespreek.
2. Wat is die kenmerke vlees vgl. Gal. 5:20 & 21?
3. Wat is die kenmerke van die gees vgl. Gal. 5:22?
4. Wat gaan jy prakties doen dat die gees die vlees in jou lewe oorwin?

Leer meer / kyk weer

Kliek hier

Kliek hier om weer te kyk.

Navrae

kringe@moreleta.co.za
012 997 8100

Algemene info
info@moreleta.co.za
012 997 8000

Bid saam

Gebedsversoeke - 076 351 8383
gebed@moreleta.co.za

Hulp?

Berading - Moreleta Wholeness Sentrum
wholeness@moreleta.co.za
012 997 8035